Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 508 Cape Town, Kaapstad, 2 October Oktober 2007 **No. 30339**

THE PRESIDENCY

No. 913 2 October 2007

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 16 of 2007: Special Adjustments Appropriation Act (2007/08 Financial Year), 2007

DIE PRESIDENSIE

No. 913 2 Oktober 2007

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 16 van 2007: Spesiale Aansuiweringsbegrotingswet (Finansiële Jaar 2007/08), 2007

(English text signed by the President.)
(Assented to 1 October 2007.)

ACT

To provide for the appropriation of additional funding for the requirements of Sport and Recreation South Africa, the Department of Agriculture, the Department of Communications and the Department of Public Enterprises in respect of the 2007/08 financial year; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Appropriation of additional funding for requirements of Sport and Recreation South Africa

1. (1) Subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), an amount of R1 905 million is hereby appropriated out of the National Revenue Fund for the requirements of Sport and Recreation South Africa in respect of the 2007/08 financial year, as set out in the Schedule.

(2) The money contemplated in subsection (1) must be transferred as additional allocations to the host cities of the 2010 World Cup under the 2010 FIFA World Cup Stadiums Development Grant provided for in the Division of Revenue Act, 2007 (Act No. 1 of 2007).

Appropriation of additional funding for reqnirements of Department of Agriculture

2. (1) Subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), an amount of R700 million is hereby appropriated out of the National Revenue Fund for the requirements of the Department of Agriculture in respect of the 2007/08 financial year, as set out in the Schedule.

(2) The money contemplated in subsection (1) must be transferred to the Land Bank for the recapitalisation of the Land Bank, subject to such conditions as the Minister of Finance may determine.

Appropriation of additional funding for requirements of Department of Communications

3. (1) Subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), an amount of R500 million is hereby appropriated out of the National Revenue Fund for the requirements of the Department of Communications in respect of the 2007/08 financial year, as set out in the Schedule.

(2) The money contemplated in subsection (1) must be transferred to Sentech Ltd as a capital contribution towards the infrastructure requirements associated with establishing a broadband wireless telecommunications network, subject to such conditions as the Minister of Finance may determine.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 1 Oktober 2007.)

WET

Tot bewilliging van addisionele bedrae geld vir die behoeftes van Sport en Rekreasie Suid-Afrika, die Departement van Landbou, die Departement van Kommunikasie en die Departement van Openbare Ondernemings ten opsigte van die finansiële jaar 2007/08; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Bewilliging van addisionele befondsing vir behoeftes van Sport en Rekreasie Suid-Afrika

1. (1) Behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), word daar hierby uit die Nasionale Inkomstefonds vir die behoeftes van Sport en Rekreasie Suid-Afrika 'n bedrag van R1 905 miljoen ten opsigte van die finansiële jaar 2007/08 bewillig, soos in die Bylae uiteengesit.

(2) Die geld in subartikel (1) beoog, moet as addisionele toekennings na die gasheerstede van die 2010-Wêreldbeker oorgedra word kragtens die Toekenning vir 2010-FIFA-Wêreldbeker-Stadionontwikkeling in die "Division of Revenue Act, 2007" (Wet No. 1 van 2007), voorsien.

Bewilliging van addisionele befondsing vir behoeftes van Departement van Landbou

2. (1) Behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), word daar hierby uit die Nasionale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Departement van Landbou 'n bedrag van R700 miljoen ten opsigte van die finansiële jaar 2007/08 bewillig, soos in die Bylae uiteengesit.

(2) Die geld in subartikel (1) beoog, moet, onderhewig aan die voorwaardes wat die Minister van Finansies bepaal, na die Landbank oorgedra word vir die Landbank se herkapitalisasie.

Bewilliging van addisionele befondsing vir behoeftes van Departement van Kommunikasie

3. (1) Behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), word daar hierby uit die Nasionale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Departement van Kommunikasie 'n bedrag van R500 miljoen ten opsigte van die finansiële jaar 2007/08 bewillig, soos in die Bylae uiteengesit.

(2) Die geld in subartikel (1) beoog, moet, onderhewig aan die voorwaardes wat die Minister van Finansies bepaal, na Sentech Bpk oorgedra word as 'n kapitaalbydrae tot die infrastruktuurvereistes wat met die stigting van 'n breëband- draadlose telekommunikasienetwerk verband hou.

Appropriation of additional funding for requirements of Department of Public Enterprises

4. (1) Subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), an amount of R2 090,273 million is hereby appropriated out of the National Revenue Fund for the requirements of the Department of Public Enterprises in respect of the 2007/08 financial year, as set out in the Schedule.

(2) The money contemplated in subsection (1) must be transferred as follows:

(a) R44,7 million to Alexkor Ltd for operational costs and working capital of the Alexkor Mine for the 2007/08 financial year;

(b) R222 million to Denel (Pty) Ltd for the payment of a claim against a government guarantee granted to Denel SAAB Aerostructures; and

(c) R1 823,573 million to the Pebble Bed Modular Reactor (Pty) Ltd for operational expenses and existing contractual obligations.

Short title

5. This Act is called the Special Adjustments Appropriation Act (2007/08 Financial Year), 2007.

Bewilliging van addisionele befondsing vir behoeftes van Departement van Openbare Ondernemings

4. (1) Behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), word daar hierby uit die Nasionale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Departement van Openbare Ondernemings 'n bedrag van R2 090,273 miljoen ten opsigte van die finansiële jaar 2007/08 bewillig, soos in die Bylae uiteengesit.

(2) Die geld in subartikel (1) beoog, moet soos volg oorgedra word:

(a) R44,7 miljoen aan Alexkor Bpk vir operasionele koste en bedryfskapitaal van die Alexkor-myn vir die finansiële jaar 2007/08;

(b) R222 miljoen aan Denel (Edms) Bpk vir die betaling van 'n eis teen 'n staatswaarborg wat aan Denel SAAB Aerostructures toegestaan is; en

(c) R1 823,573 miljoen aan die Korrelbed Modulêre Reaktor (Edms) Bpk vir bedryfsuitgawes en bestaande kontraktuele verpligtings.

Kort titel

5. Hierdie Wet heet die Spesiale Aansuiweringsbegrotingswet (Finansiële Jaar 2007/08), 2007.

SCHEDULE

Details of Vote		Details of special adjustments appropriation			
Vote			Current Payments	Transfers and Subsidies	Payments for Capital Assets
		R'000	R'000	R'000	R'000
18	**Sport and Recreation South Africa**	**1 905 000**		**1 905 000**	
	Aim: To improve the quality of life of all South Africans by promoting participation in sport and recreation in the country, and through the participation of South African sportspersons and teams in international sporting events				
	6 2010 FIFA World Cup Unit	1 905 000		1 905 000	
	Of which				
	Conditional Grants to Local Government				
	– 2010 FIFA World Cup Stadiums Development Grant			1 905 000	
24	**Agriculture**	**700 000**		**700 000**	
	Aim: To lead and support sustainable agriculture and promote rural development through: ensuring access to sufficient, safe and nutritious food; eliminating skewed participation and inequity in agriculture; maximising growth, employment and income in the sector; improving the sustainable management of natural agricultural resources and ecological systems; ensuring effective and efficient governance; and ensuring knowledge and information management				
	2 Livelihoods, Economics and Business Development	700 000		700 000	
	Of which				
	Specifically and exclusively appropriated				
	– Land Bank			700 000	
25	**Communications**	**500 000**		**500 000**	
	Aim: To develop Information Communication Technology (ICT) policies and legislation that stimulate and improve the sustainable economic development of the South African first and second economies and positively impact on the social wellbeing of all South Africans. The Department also aims to oversee state owned entities, such as the South African Broadcasting Corporation and the Independent Communications Authority of South Africa				
	4 Finance and Shareholder Management	500 000		500 000	
	Of which				
	Specifically and exclusively appropriated				
	– Sentech			500 000	
30	**Public Enterprises**	**2 090 273**		**2 090 273**	
	Aim: Provide an effective state owned enterprises shareholder management system and to support and promote economic efficiency and competitiveness for a better life for all South Africans				
	2 Energy, Broadband Infrastructure and Mining Enterprises	44 700		44 700	
	Of which				
	Specifically and exclusively appropriated				
	– Alexkor			44 700	
	4 Manufacturing Enterprises	2 045 573		2 045 573	
	Of which				
	Specifically and exclusively appropriated				
	– Denel			222 000	
	– Pebble Bed Modular Reactor			1 823 573	
	TOTAL	**5 195 273**		**5 195 273**	

BYLAE

Besonderhede van Begrotingspos		Besonderhede van spesiale aansuiweringsbegroting			
Pos			Lopende Betalings	Oordragte en Subsidies	Betaling van Kapitaal Bates
		R'000	R'000	R'000	R'000
18	**Sport en Rekreasie Suid-Afrika**	**1 905 000**		**1 905 000**	
	Doel: Om die lewensgehalte van alle Suid-Afrikaners te verbeter deur deelname aan sport en rekreasie in die land te bevorder, en deur die deelname van Suid-Afrikaanse sportlui en -spanne aan internasionale sportbyeenkomste				
	6 2010-FIFA-Wêreldbeker-Eenheid	1 905 000		1 905 000	
	Met inbegrip van				
	Voorwaardelike Toekennings aan Plaaslike Regering				
	– Toekenning vir 2010-FIFA-Wêreldbeker-Stadionontwikkeling			1 905 000	
24	**Landbou**	**700 000**		**700 000**	
	Doel: Om volhoubare landbou te lei en te steun en landelike ontwikkeling te bevorder deur toegang tot voldoende, veilige en voedsame voedsel te verseker; onewe deelname en onbillikheid in die landbou uit te skakel; groei, indiensneming en inkomste in die sektor te maksimeer; die volhoubare bestuur van natuurlike landbouhulpbronne en ekologiese stelsels te verbeter; doeltreffende en doelmatige bestuur te verseker; en kennis- en inligtingbestuur te verseker				
	2 Lewensonderhoud, Ekonomie en Besigheidsontwikkeling	700 000		700 000	
	Met inbegrip van				
	Spesifiek en uitsluitlik bewillig				
	– Landbank			700 000	
25	**Kommunikasie**	**500 000**		**500 000**	
	Doel: Om beleid en wetgewing vir Inligtingkommunikasietegnologie te ontwikkel wat die volhoubare ekonomiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse eerste en tweede ekonomieë stimuleer en uitbou en 'n positiewe uitwerking het op die maatskaplike welsyn van alle Suid-Afrikaners. Die Departement beoog ook om oor entiteite in staatsbesit soos die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika toesig te hou				
	4 Finansiële en Aandeelhouerbestuur	500 000		500 000	
	Met inbegrip van				
	Spesifiek en uitsluitlik bewillig				
	– Sentech			500 000	
30	**Openbare Ondernemings**	**2 090 273**		**2 090 273**	
	Doel: Om 'n doeltreffende aandeelhouerbestuurstelsel vir staatsbeheerde ondernemings te bied, en om ekonomiese doeltreffendheid en mededingendheid te steun en te bevorder vir 'n beter lewe vir alle Suid-Afrikaners				
	2 Energie, Breëband-infrastruktuur en Mynbou-ondernemings	44 700		44 700	
	Met inbegrip van				
	Spesifiek en uitsluitlik bewillig				
	– Alexkor			44 700	
	4 Vervaardigingsondernemings	2 045 573		2 045 573	
	Met inbegrip van				
	Spesifiek en uitsluitlik bewillig				
	– Denel			222 000	
	– Korrelbed Modulêre Reaktor			1 823 573	
	TOTAAL	**5 195 273**		**5 195 273**	